



### **Hoekom moet ons die boek lees?**

Haggai se boodskappe (4 preke) is vir mense soos ons. Dit daag ons prioriteite uit, dit wat vir ons belangrik is en waaraan ons eerste aandag gee. Haggai wil leiers, geestelike leiers en “gewone” mense aanmoedig om God as eerste prioriteit te eer, aanbid en seker te maak dat alles van ons inlyn is om presies dit te doen. Ons word uitgedaag om met God as middelpunt van ons bestaan te lewe en dit so te doen (te bou) dat generasies wat kom dieselfde prioriteite het.

### **Wie het die boek geskryf en wanneer?**

Haggai (dit beteken of een wat tydens die fees gebore is) word gesien as die een wat die boek geskryf het. Hy het in 520 v.C. opgetree vir 'n kort, maar intense en tydige bediening om die leier, dominee (van daardie tyd) en die gemeente te motiveer om op die regte dinge te fokus.

### **Aan wie is die boodskap gebring?**

Haggai se vier preke word gerig aan Serubbabel, die goewerneur, Jesuadie priester en aan die volk van God (wat oorgebly het na die ballingskap).

### **Hoekom het die profeet die boodskap gebring?**

Die doel van die preke was om die Jode te motiveer om die tempel te herbou. Deur dit te doen, het hy ook die mense gekonfronteer met hulle eie misplaaste prioriteite. In die ontwikkeling van die profesieë is 1:4 'n belangrike vers. Haggai beskou die tempel as God se woonplek op die aarde, as middelpunt vir aanbidding en as simbool van die HERE se grootheid. Die tempel was vir hom belangriker as 'n paleis, en die priesters as die prinse. Ander belangrike temas is reinheid as voorvereiste tot aanbidding, profesie as goddelike openbaring, goddelike soewereiniteit, menslike verantwoordelikheid en 'n toekoms vir die ryk van Dawid, verbind aan Serubbabel.

### **Wees op die uitkyk vir:**

Kyk mooi in die boek Haggai na hoe hy God uitbeeld. God as die getroue soewereine God wat seën belowe aan die gehoorsames. God vra baie duidelik dat Hy die eerste prioriteit van elkeen van sy kinders se totale bestaan moet wees.